Finansiesbrief 1 /2025 20 Januarie 2025

Beste Ouers / Voogde

Finansieële inligting 2025

1. **Skoolfonds 2025**
   Baie dankie vir die van u wat getrou u rekening vereffen. Ons waardeer dit opreg! Die hoof inkomste bron, van Primêre Skool Parys, is skoolfonds. Ons het elke sent nodig om hoë gehalte onderwys te bly lewer.
   Skoolfonds vir 2025 is as volg:
   Gr. R - 7: R11 825.00 per leerder (R1 075.00 per maand x 11) Betaalbaar teen die 25ste elke maand. Indien die volle bedrag teen 28 Februarie 2025 vereffen is, kwalifiseer u vir 5% korting.
   Bankbesonderhede:
   Primêre Skool Parys
   ABSA Parys
   Taknommer: 632 005
   Rekeningnommer: 113 037 0000 (Tjek)
   Verwysing: **Oudste kind se eerste naam en van**

2. **Karri-Toep**
   Primêre Skool Parys poog om in die toekoms kontantloos bestuur te word. Daarom sal die skool voortaan geen kontant ontvang nie, behalwe vir skoolgeld betaalbaar by die finansiële kantoor. Alle ander betalings insluitend aktiwiteite, uitstappies en items, sal via die Karri-toep gedoen moet word.

   Die Karri-toep is 'n maklike, veilige en doeltreffende manier om betalings te maak. Indien u enige uitdagings ervaar om die Karri-toep te gebruik, kan u gerus hulle hulplyn kontak vir hulp.

   Ons waardeer u samewerking in die implementering van hierdie kontantlose sisteem en glo dit sal die administrasie vergemaklik, sowel as die veiligheid van fondse verhoog.

3. **Aansoek om kwytskelding van skoolfonds**
   Ouers of voogde (**"ouer" beteken (a) biologiese ouer of wettige voog; (b) 'n persoon wat volgens wet aangestel is as wettige voog; of (c)'n persoon wat onderneem om die verantwoordelikheid as ouer / voog, soos in (a) en (b) gespesifiseer te neem terwyl die leerder skoolpligtig is**) wat wil aansoek doen om kwytskelding moet teen 20 Maart 2024 aansoek doen.

   Slegs aansoeke wat op die voorgeskrewe vorm gedoen word, sal oorweeg word. **Oorweging sal slegs geskenk word aan VOLLEDIGE aansoeke waarvan alle stawende dokumente aangeheg is**.
   Let daarop dat geen vorm aan 'n leerder uitgedeel sal word nie. U as wettige ouer / voog moet die vorm afhaal, voltooi, teken en betyds terug besorg.

   Kontak gerus vir Me. C. Wood by die algemene kantoor of by fin1@parysprim.co.za vir verdere besonderhede in hierdie verband.

Vriendelike groete,
Die Finansiespan

AE RIBBERINK
WAARNEMENDE SKOOLHOOF